(Opsomming)
(IV en V word in Afrikaans gelewer)

(Resumé)
(I - IV will be delivered in English)

191.T.2(24)

AKADEMIESE PERSPEKTIEF

Deur Prof H.B. Thom

(Rektor van die Universiteit van Stellenbosch
en
Voorsitter van die Raad van die Universiteitskollege Weskaapland)

Rede gelewer by geleentheid van die gradedagplegtigheid, Universiteitskollege Weskaapland, 6 Mei 1967, om 10 vm.

I

Dit is vir my 'n voorreg om namens die Raad van die Universiteitskollege Weskaapland alle studente aan wie grade en diploma's toegeken is, van harte geluk te wens. Ons gelukwense gaan ook uit aan hulle ouers, want ons weet dat baie ouers swaar gekry het om hulle kinders te help om 'n universiteitsopvoeding te bekom. Ons weet dat hierdie studente en hulle ouers vandag 'n gelukkige dag belewe; ons vurige begeerte is dat hierdie dag die poort sal wees tot 'n tyd waarin studente en hulle ouers nog steeds groter bevrediging en geluk in hulle lewens sal ondervind.

Terselfdertyd wil ek hoë waardering uitspreek teenoor die Rektor en sy personeel vir die werk wat hulle gedoen het, en nog steeds doen. Die grade en diploma's wat vandag hier toegeken is, lewer sprekende bewys van die gehalte van hulle dienste en van die gees waarin hulle dit lewer.

II

Hierdie dag gee vir ons die aanleiding en geleentheid om stil te staan by die wesenlike waarde en betekenis van die <u>universiteit.</u> Ons het te doen met die <u>akademie</u>; laat ons probeer om die ware betekenis van die akademie kortliks te stel.

Ons hoor vandag dikwels van die groot voordele, meestal praktiese voordele, wat 'n universiteitsopleiding meebring. 'n Amerikaanse skrywer het 'n inligtingswerk oor universiteite begin met die woorde: „A College

education/.....

education pays". En hy het vervolgens moeite gedoen om aan te toon dat mense met 'n universiteitsopleiding oor die algemeen 'n beter inkomste het as diegene wat nie die universiteit deurloop het nie. Ander mense lê weer klem op die aansien en status wat 'n suksesvolle universiteitsloopbaan in die maatskappy meebring. Nog ander skryf 'n meerderwaardigheid toe/aan die suksesvolle universiteitsman, wat dan noodwendig beter as sy minderbevoorregte medemens moet wees. Dit is beskouinge hierdie wat, tot 'n mate ten minste, juis mag wees, maar wat in werklikheid vreemd is aan die akademiese perspektief, en wat, as dit uitdrukking moet gee aan die enigste waarde van die universiteitstudie meebring, deur geen regskape mens onderskryf sal word nie.

Daar is ander wat die betekenis van 'n universiteitsopleiding op 'n hoër peil plaas: dit is daarop bereken om jou 'n groter bate vir jou land te maak; dit vorm jou veral om jou land beter te kan dien; dit berei jou voor om by name jou eie mense, jou eie gemeenskap binne die maatskappy, tot ontwikkeling te bring. Dit is mooi, positiewe beskouinge hierdie, maar dit gee ook nog nie die ware essensie weer nie.

Al die voorgaande menings is in mindere of meerdere mate pragmaties van aard. Vir die pragmatisme moet ons egter oppas, want dit lei maklik tot 'n verstoring van wesenlike waardes en van suiwere perspektiewe. Dit het waardering slegs vir praktiese voordele, vir dinge wat 'n duidelike, waarneembare nut het. Dit is nie noodwendig altyd verkeerd of materialisties nie, maar dit is selde diepsinnig, en plaas byna altyd 'n premie op 'n halwe waarheid.

Wat is dan die ware akademiese perspektief? Waarin lê die fundamentele betekenis van die universiteitsopleiding?

III

Die eerste ou „skole", wat reeds in die Klassieke tyd ontstaan het, soos dié van Sokrates, Plato en ander ou denkers, het hulle geskaar om 'n bepaalde persoon, wat dan - volgens sy eie metodes - gestudeer, probleme bespreek en ondersoek het, met die één groot doel voor oë, nl. om kennis

te verdiep/.....

te verdiep en uit te brei, en om meer en meer tot die waarheid deur te dring. Veel later (veral in die dertiende eeu) het die eerste universiteite ontstaan, en die ou baanbrekeruniversiteite, soos dié van Salerno, Padua en Bologna in Italië, Montpellier en Parys in Frankryk, en Oxford in Engeland, het hulle eintlik ook maar weer grotendeels om sekere leidende geleerdes geskaar, met die uitgesproke doel om op verskeie terreine na die waarheid te soek. Die oudste inrigtings is in hoë mate gekenmerk deur 'n strewe om kennis ter wille van die kennis self op te doen, en om langs dié weg die verstand te ontwikkel.

IV

Met verloop van jare is baie meer universiteite gestig en het daar inderdaad 'n groot verskeidenheid van inrigtings ontstaan. Die dae van universiteite wat om een persoon of 'n paar persone gesentreer het, was verby, ofskoon dit wel waar is dat sekere begaafde individue op hulle onderskeie vakgebiede, tot vandag toe, nog steeds belangstellende groepe saamgetrek het en aldus ook in 'n sekere sin „skole" gevestig het.

Dat daar baie meer universiteitsinrigtings ontstaan het, en dat hulle uiteenlopend van aard en karakter is, is byna vanselfsprekend. In die verskillende lande van die wêreld, veral in die Weste, het die maatskappy so enorm ontwikkel en het die lewe so kompleks geword, dat aan die menslike verstand, organisasievermoë en karakter geweldige hoë eise gestel word. Die universiteite moes in die bres tree: hulle moes die manne en vroue lewer, wat aan hierdie eise kon voldoen. Geen land ter wêreld het dit beter besef nie as die Verenigde Stae van Amerika toe hulle, as jong onafhanklike land, in 1783 van die ou moederland weggebreek het en hulle universiteite geroepe was om nou self die opgeleide mense te lewer wat voorheen in hoë mate deur die moederland voorsien was. En ook in die jare wat gevolg het, het die V.S.A. sy universiteite - miskien meer as enige ander land - ingespan om in die behoeftes van die maatskappy te voorsien.

Die groot aantal universiteite wat oor die hele wêreld ontstaan het, maak voorsiening vir 'n bonte verskeidenheid van opleidings-, spesialisasie- en

navorsingsgebiede./.....

navorsingsgebiede. Dit is die beeld wat die akademie vandag vir ons bied. Alles wat daarin is, is wel nie akademies nie; en veel van wat daarin is, hoort miskien ook nie in 'n universiteit tuis nie. Maar ons moet die feite erken en aanvaar. Ons moet ook begryp dat die groot verskille wat daar in die omstandighede en lewenspatrone tussen verskillende lande bestaan, radikale verskille in hulle universiteitspatroon kan meebring; en dit is verskille nie net in uitwendige manifestasies nie, maar ook wat wese en geestelike inhoud betref.

V

Met hierdie feite voor ons het ons des te meer rede om ons na die ware akademiese perspektief, die fundamentele betekenis van die universiteit, af te vra.

Aan die begin het ek 'n paar beskouings oor die betekenis van die universiteit genoem. Hoe 'n mens ook al redeneer, dit bly 'n feit dat die ware betekenis van die universiteit daarin geleë is - en geleë moet wees - dat dit eers en veral die menslike gees versterk en tot ontwikkeling bring. Ek sê opsetlik die menslike gees, en nie intellek nie. Want die gees is veel meer as die intellek; en jy kan 'n man kry wat 'n seldsame, hoogontwikkelde intellek het, maar tog terselfdertyd nie oor die groot gawes van die gees, soos selfbeheersing, gebalanseerdheid, pligsgetrouheid en naasteliefde, beskik nie. Ons kan selfs vind, soos meermale gesê word, dat universiteite of ander opvoedingsinrigtings „geleerde barbare" produseer, ofskoon - en laat ek dit maar terloops byvoeg - 'n mens vir hierdie cliché nou al taamlik moeg word.

Maar laat ons oor die ware akademiese perspektief baie duidelik wees: die Universiteit is daar om die gees te vorm, te ontwikkel en te versterk. Dit is immers veel beter om bv. te weet wat ons in verband met ons wysbegeerte en ons staatsbeskouings aan die ou Grieke te danke het as om al die Beatle-musiek van vandag te ken. Dit is veel beter om iets van die ontwikkeling van ons demokratiese bestuurstelsel te weet as om met groot liggaamlike inspanning 'n paalsit-rekord te slaan. Dit is oneindig veel beter om die invloed van 'n Newton of 'n Einstein goed te verstaan as om bokskampioen van die wêreld te word. Per slot van rekening mense van die tipe van

Beatles,/.....

Beatles, paalsitters en bokskampioene staan nie daarvoor bekend dat hulle groot bydraes tot die geestelike welsyn van die wêreld gelewer het nie!

Die ware universiteit stel dit as sy taak om die gees van die indiwidu só te ontwikkel dat die indiwidu, as lid van die maatskappy, 'n harmoniese eenheid van intellek, gesindheid en karakter sal uitmaak, en aldus in staat sal wees om die groot sosiale, staatkundige en ekonomiese geheel, waarin hy lewe, op positiewe wyse te dien.

Ons akademiese perspektief sal nie suiwer wees as ons nie die diensmotief in ons universiteitsopleiding beklemtoon nie. Hierop het bv. ook die welbekende kommissie van lord Robbins, wat enkele jare gelede 'n deurtastende ondersoek na die universiteitswese in Groot-Brittanje uitgevoer het, die klem laat val. Maar ons moet onthou dat dienste van werklik vrugbare, blywende aard slegs deur mense met 'n gesonde, ontwikkelde gees gelewer kan word. Ons sien soms dat mense wat 'n goeie intellek het maar nie oor 'n ewewigtige gees beskik nie, in hulle geesdrif en ywer om diens te lewer - of altans wat hulle as <u>diens</u> beskou - selfs 'n gevaar kan word, want dit is juis sulke mense wat maklik in agitators ontaard. Die man wat nie veel verstand het nie, mag miskien nie veel tot stand bring nie, maar hy wat veel verstand het, dog geen ontwikkelde gees nie, kan 'n groot gevaar word.

Die universiteit is dus in die allereerste instansie daar om die gees te versterk. As dit op die regte manier geskied, sal dosente, studente en oud-studente in hulle denke en doen gesonde leiding gee, en hulleself en hulle medemens dien. Maar hierdie leiding en diens, hoe goed en mooi dit ook al is, verteenwoordig <u>op sigself</u> nog nie die groot doelstelling van die universiteitstudie nie, en moet eerder as insidenteel - en wel in 'n goeie sin van die woord - beskou word. Dit is uitnemend en pragtig as universiteitstudente hiertoe opgevoed word, maar ons moet nog altyd weet dat hulle, sonder 'n ewewigtige, sterk gees, hierdie mooi dinge nie na behore kan doen nie.

VI/.....

VI

Kyk ek na die Universiteitskollege Weskaapland, dan wil ek graag 'n universiteitsinrigting sien wat 'n baie suiwere akademiese perspektief handhaaf. Ek wil 'n inrigting sien wat jongmense oplei, wat hulle verstand ontwikkel, maar wat bowenalles aan die gees in sy volle omvang en rykdom bou. Ek wil 'n inrigting sien wat leiers kweek, leiers nie vir klein groepies of onbeduidende seksionele belange nie, maar ware, wyse leiers, versiende manne en vroue, en wel vir 'n Suid-Afrikaanse bevolkingsdeel, wat vrywel saam met die blanke die bodem van suidelike Afrika betree het.

Dit is 'n verhewe gedagte, wat ons moet koester, en tot waarheid moet maak. En ek is dankbaar om te weet dat ons hierdie taak reeds aangepak het. As ek moet oordeel aan die gees wat in die Raad en die Adviesraad van hierdie inrigting heers, en aan die gees wat die oorgrote meerderheid van dosente en studente besiel, dan sê ek sonder huiwering : ons is besig om ons deel by te dra om vir ons vaderland 'n voorspoedige, gelukkige toekoms te bou.

Een ding moet my egter darem ook van die hart: daar is ongelukkig nog teveel van ons Kleurlingbevolking wat die waarde van die Universiteitskollege Weskaapland nie genoegsaam besef nie. Dit kom wel nie uit onwil of moedwil of vyandigheid nie; dit is maar net 'n geval van onnadenkendheid en onverskilligheid. Op almal wil ek 'n dringende beroep doen: Kom staan agter u inrigting, gebruik die pragtige geleentheide wat hy bied, en doen dit met toewyding en geesdrif. Daardeur kan u help om aan u eie seuns en dogters die voordele van 'n ontwikkelde, sterk gees te gee, wat 'n kosbare skat sal wees, en wat niemand hulle ooit sal kan ontneem nie.

Aan die studente, wat vandag die bekroning van hulle arbeid beleef, wens ek insig en krag toe op die pad wat voorlê. Mag hulle hulle akademiese lewe steeds in die regte perspektief sien; mag hulle in staat wees om duidelik tussen die goeie en die kwade te onderskei, en om geredelik en vreesloos vir die goeie in die bres te staan.

* * * * * * * * * * * * *